

KONINKRYK. SUPPLEMENT 4

[DIE GELYKENISSE VAN JESUS] DIE NOU POORT en DIE GROOT MAALTYD

“Die gelykenis van die nou poort” in Matteus 7:13-14
en “die gelykenis van die groot maaltyd” in Lukas 14:15-24 is gelykenisse oor
DIE VOORWAARDE VIR INGAAN IN DIE KONINKRYK VAN GOD.

A. DIE NOU POORT

Lees Matteus 7:13-14.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word in figuurlike taal vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

Bespreek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Die verhaal word weergegee in die vorm van ’n vermaning. Hierdie vermaning word aan alle mense in die wêreld gerig. Hulle word aangespoor om in die Koninkryk van God in te gaan deur die nou poort en daarna die smal weg te bly volg. Hulle word gewaarsku om nie deur die wye poort in te gaan nie en ook nie op die breë pad te loop nie. Albei paaie lei na definitiewe bestemmings. Dit is ’n lewensgetroue verhaal.

Die nou poort. Dit lyk op ’n draaihek wat maar één mens tegelyk deurlaat.

Die smal pad. Dit lyk op ’n smal bergpas wat tussen hoë rotswande slinger en die reisigers aan beide kante insluit

Die wye poort. Hy is so wyd dat baie mense met al hul bagasie tegelyk deurgelaat kan word. Op die poort staan as ’t ware die uitnodiging: “Welkom, soveel as moontlik!”

Die breë pad. Hy lyk op ’n snelweg wat afloop met baie sypaaie. Oral staan borde: “Reis waar jy lus het!” “Ry so vinnig as jy wil!”

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus hoofstuk 5-7.

In die Bergrede beskryf Jesus die burgers van die Koninkryk van God, hul seëninge, hul verhoudings tot die wêreld, (Matteus 5:1-16) en die geregtigheid wat Jesus Christus, die Koning van die Koninkryk, aan die een kant aan hulle skenk en aan die ander kant van hulle vereis (Matteüs 5:17 - 7:12). Uiteindelik spoor hy almal wat hierdie boodskap hoor om deur die nou poort na die Koninkryk in te gaan (Matteus 7:13-14). As hulle dit al gedoen het, moet hulle vasberade op die smal pad bly loop. Jesus waarsku veral teen die leerstellings van die valse profete. Aan die einde vergelyk Hy die twee finale bestemmings vir alle mense waarheen hierdie twee paaie loop met mekaar (Matteus 7:15-27).

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 7:13-14.

Die verhaal het die vorm van ’n vermaning.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis.

Die toepassing is bevat in die vermaning.

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in ’n gelykenis noodsaaklik ’n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van ’n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van ’n gelykenis ’n geestelike betekenis toeskryf nie!

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge.

Twee poorte en twee paaie. “Die poort” verteenwoordig die aanvanklike besluit of keuse in die lewe. “Die pad” verteenwoordig die lewe daarna. Dus beide poorte en beide paaie is relevante details.

Twee soorte reisigers. “Die baie mense” en “die min mense” word dikwels in die Bybel gevind en is relevante details.

Twee bestemmings. “Die verderf” en “die lewe” word ook dikwels in die Bybel gevind en is relevante details.

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitlê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitlê. *’n Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om ’n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van ’n gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

“Die gelykenis van die nou poort en die smal pad” in Matteus 7:13-14 is ’n gelykenis oor “die voorwaarde vir ingaan in die Koninkryk van God”.

Die belangrike boodskap in hierdie gelykenis is die volgende. “Die aanvanklike keuse wat ’n mens in sy lewe op die aarde maak, bepaal die pad wat hy op die aarde volg en ook sy uiteindelijke bestemming!” Hierdie tweevoudige vermaning om in te gaan deur die nou poort en nie in te gaan deur die wye poort sluit die twee ondergeskikte vermanings in: **bly loop op die smal pad en nie op die breë pad nie! Vir die gevalle mens is dit natuurlik om die groot massa mense te volg en deur die wye poort in te gaan en op die breë pad te bly loop. Let dus goed op wat jy kies: watter poort jy ingaan en op watter pad jy bly loop!**

Ingaan in die Koninkryk van God op God se voorwaarde is één van die fundamentele kenmerke van die Koninkryk van God. Niemand kan God se Koninkryk ingaan op sy eie voorwaarde nie (bv. deur die wet te hou, goeie werke te doen of deur sy eie godsdienste)! Die voorwaarde van die God van die Bybel is om die Koninkryk van God in te gaan deur die nou poort en langs die smal pad. Uit die Bybel weet ons dat “die nou poort” geloof in Jesus Christus en in sy volbragte verlossingswerk verteenwoordig (Lukas 10:25-26; Johannes 10:9; 14:6; Handeling 4:12). Uit die verband weet ons dat “die smal pad” staan vir lewe in ooreenstemming met wat die Bergrede leer. Nadat ’n mens uit genade en deur geloof gered (verlos) is, moet hy in ooreenstemming met wat die bergrede leer, lewe, d.w.s., moet hy as ’n burger van die Koninkryk van God in ooreenstemming met die kultuur van die Koninkryk van God lewe. (Matteus hoofstuk 5-7). Die burgers van die Koninkryk van God gaan almal deur die nou poort in en bly op die smal pad loop. Hul aanvanklike keuse bepaal hul lewensweg en hul uiteindelijke bestemming! Dus dit begin met geloof in Jesus Christus en is die belangrikste besluit in jou lewe!

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van ’n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

Aantekeninge.

(1) Wat kom eerste: die pad of die poort?

Lees Lukas 13:23-30.

Lei hierdie twee paaie na twee poorte aan die einde van die paaie? Moet ’n mens dus ’n bepaalde pad volg om by ’n bepaalde poort uit te kom? Of lei hierdie twee poorte na twee paaie? Moet ’n mens ’n bepaalde poort ingaan om ’n bepaalde pad te volg? Wat kom eerste: die pad of die poort? Bepaalde Christen kunstenaars het hiervan tekeninge gemaak waarin twee paaie na twee poorte lei aan die einde van die paaie.

Sommige Christene verwys na Lukas 13:23-30 om te bewys dat die pad vóór die poort kom. Jesus sê, “Span al julle kragte in om (langs een of ander pad) by die smal deur in te gaan. Baie, verseker Ek julle, sal probeer om in te gaan, maar sal dit nie regkry nie.” Maar die woorde en die verband in Lukas 13:23-30 is beslis anders as Matteus 7:13-14. In Matteus 7 praat Jesus oor “’n poort” van ’n stad (Grieks: pulé) en “’n pad” (Grieks: hodos), terwyl Hy in Lukas 13 alleen praat oor “’n deur” (Grieks: thura) en nie oor ’n pad nie. In Matteus 7 praat Jesus oor ingaan in die Koninkryk van God in sy huidige fase op die aarde en lewe in die Koninkryk van God op hierdie huidige aarde. Maar in Lukas 13:23-30 praat Hy oor volharding om in die Koninkryk van God in te gaan in sy definitiewe en ewige fase by die wederkoms van Christus (sien Matteus 25:10).

In Matteüs 7 word die poorte *vóór* die paaie genoem. Die teks benadruk die nou verband tussen die poort wat jy ingaan en die pad wat daarop volg. Dit sê nie: “Die poort *of* die pad” asof die volgorde omgedraai kan word nie, maar: “Die poort *en* die pad” om aan te toon dat die poort vóór die pad kom!

Die poort ingaan is geen verwysing na die liggaamlike dood nie, ook nie na die wederkoms van Christus nie, maar na die belangrikste keuse wat ’n mens in sy lewe kan maak. Die keuse wat hy in die begin van sy lewe maak, bepaal die pad waarlangs hy sy lewe sal lewe en ook sy uiteindelijke bestemming! “Die poort” verteenwoordig sy aanvanklike besluit en “die pad” sy lewe in die wêreld nadat hy sy besluit geneem het.

(2) Hoeveel mense word uiteindelik gered?

Lees Matteus 22:14; Romeine 9:27.

Jesus sê, “Baie is immers geroep, maar min is uitverkies” (Matteus 22:14). Paulus sê, “Al was die Israëliete so baie soos die sand van die see, net die handjievol wat oorbly, sal gered word” (Romeine 9:27). Ander Bybelgedeeltes maak dit heel duidelik dat baie mense die verkeerde aanvanklike keuse in die lewe maak. Hulle kies vir die wye poort en breë pad voordat hulle besef dat dit na die verderf lei.

Nietemin maak die Bybel dit ook duidelik dat die getal van “die handjievol” wat gered word baie groot sal wees! Die getal mense wat gered word is ontelbaar! “Daarna het ek ’n menigte gesien wat niemand kon tel nie. Hulle was van elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon en voor die Lam gestaan” (Openbaring 7:9)!

(3) Wat is die twee lewensstyle in hierdie wêreld?

Lees Johannes 8:34; Jesaja 57:20-21.

Baie mense dink dat die lewensstyl van mense wat deur die wye poort ingaan en op die breë pad loop grenslose vryheid en geluk beteken, terwyl mense wat deur die nou poort ingaan en op die smal pad loop deur allerhande reëls en wette beperk word, vervelig is en mense diep ongelukkig maak!

Mense wat dit dink mislei hulself. In feite is hulle sogenaamde vryheid en geluk baie oppervlakkig. Die Bybel leer baie duidelik dat mense wat in sonde lewe “slawe van die sonde” is! “Maar die goddeloses is soos die onstuimige see wat nie tot rus kan kom nie en waarvan die golwe aanhou om slyk en modder uit te stoot. Vir die goddeloses is daar geen vrede nie, sê my God” (Jesaja 57:20-21)! Die mense wat op die breë pas loop is in werklikheid soos gevangenes wat in kettings swaar slawewerk vir ander verrig.

Alhoewel ingaan deur die nou poort en loop op die smal pad selfverloëning, swaarkry, pyn en stryd impliseer, veral omdat die sondige natuur in hulle nog nie heeltemal oorwin is nie, leer Psalm 119:165, “Vir dié wat u wet (d.w.s. Woord) liefhet, is daar groot sekerheid; niks kan hulle laat struikel nie” (sien 1 Petrus 1:8-9).

Die handjievol wat deur die nou poort ingaan, “word in alles verdruk, is nie terneergedruk nie; is oor raad verleë, maar nie radeloos nie; word vervolgt, maar nie deur God verlaat nie; op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie” (2 Korintiërs 4:8-9). Hulle word behandel as verleiers, en is tog betroubaar; as onbekendes, en tog goed bekend; as mense wat gestraf word en tog nie doodgemaak word nie; as bedroefdes en tog altyd opgeruimd; as armes en tog baie ander ryk maak; as mense wat niks het nie en tog alles besit” (2 Korintiërs 6:8-10). Hul swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop uit op ’n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly (2 Korintiërs 4:17; Romeine 8:18)!

Die handjievol wat deur die nou poort ingaan, “het alles verlaat om Christus te volg.” En Jesus sê, “Dit verseker Ek julle: Daar is niemand wat terwille van My en ter wille van die evangelie afgesien het van sy huis of broers of susters of moeder of vader of kinders of eiendom nie, of hy kry nou in hierdie tyd honderd keer soveel: huise en broers en susters en moeders en kinders en eiendom, saam met baie vervolging, en in die bedeling wat kom, die ewige lewe” (Markus 10:28-30)!

(4) Wat is die twee bestemmings na die lewe op die aarde?

Lees Matteus 3:12; 25:46; 2 Tessalonisense 1:8-9; Openbaring 14:9-11.

Die twee bestemmings is ewige straf en ewige lewe. Die mense wat deur die wye poort ingaan en op die breë pad loop is op pad na die verderf. “Verderf” (Grieks: *apóleia*) beteken nie “ophou om te bestaan” nie, maar “ewigdurende verdoemenis en straf” soos in Matteus 25:46 (Grieks: *kolasis*). Die mense wat deur die nou poort ingaan en op die smal pad loop, is op pad na die lewe. Die pad van selfverloëning lei tot oorvloedige lewe en lewe met God tot in ewigheid. “Lewe” (Grieks: *zōé*) beteken verlos wees en met God in Christus lewe nou in die huidige lewe en in die toekoms na die wederkoms van Christus lewe in die nuwe hemel en op die nuwe aarde. Dit sluit die veelkleurige seënings van God in wat ’n gevolg is van omgaan met God.

6. Maak ’n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.

Besprek. Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?

Aantekeninge.

(1) Voorwaardes vir ingaan in die Koninkryk van God.

“Ingaan in die Koninkryk van God” beteken dieselfde as “gered word”. Jesus leer dat gered word aan die een kant aantreklik is, maar aan die ander kant nie maklik is nie! Die poort wat toegang gee tot die Koninkryk van God is nou en moet gesoek word en gevind word! Die pad wat daarop volg is smal en voel baie nou. Die nou poort verteenwoordig die aanvanklike keuse wat ’n mens in die lewe maak. Vanaf die standpunt van ’n mens gesien, is die nou poort “die aanvanklike bekering”. Vanaf die standpunt van God af gesien is die nou poort “die regverdiging”. Die smal pad verteenwoordig christelike lewenstyl nadat hy gekies het om in Jesus Christus te glo. Vanaf die standpunt van die mens gesien, is die smal pad “die daaglikse bekering”. Vanaf die standpunt van God af gesien, is die smal pad “die heiliging”. So verteenwoordig die wye poort “die onwil om hom te bekeer” en die breë pad “die lewenstyl van genotsug”.

Die nou poort staan aan die begin van die pad wat tot die lewe lei. En die smal pad verteenwoordig die pad van die lewe wat tussen hoë rotswande en steil afgronde lei en ’n mens van alle kante insluit. Om die nou poort in te gaan, moet ’n mens baie dinge loslaat, soos byvoorbeeld, die liefde vir aardse besittinge, wrok, selfsug en eie geregtigheid (sien Hebreërs 12:1). Maar selfs as ’n mens die nou poort ingegaan het, bly sy ou menslike natuur teen hom rebelleer en stry en weier hardnekkig om sy ou patrone en gewoontes op te gee. ’n Christen het nog nie sy ou natuur volledig onder beheer nie, en daarom is daar tot sy fisies dood ’n bitter geestelike stryd tussen die ou en die nuwe natuur van die mens (Romeine 7:14-25; Galasiërs 5:17). Die nou poort verteenwoordig dus “selfverloëning, die opneem van die kruis en die navolging van Jesus Christus”. En die smal pad verteenwoordig “aanhoudende selfverloëning, elke dag jou kruis opneem en Jesus Volg (Lukas 9:23).

Maar die uiteindelijke oorwinning is verseker, omdat hierdie mens die nou poort gevind het en ingegaan het. Hy het die pad van goddeloses, sondaars en spotters verruil vir die pad van regverdiges (Psalm 1:1-3). Die bewuste keuse om deur die nou poort in te gaan, verteenwoordig “die aanvanklike bekering en regverdiging”. En die loop op die smal pad verteenwoordig “die daaglike gehoorsaamheid en heiliging”.

(2) Die gevolge van ingaan in die Koninkryk van God.

Die Bergrede leer dat ingaan in die Koninkryk van God vergesel word deur omstandighede en gevolge wat sowel gunstig as ongunstig kan wees. Die gunstige gevolge is dat hulle wat die Koninkryk van God ingaan “geseënd” is: die nuwe aarde ontvang, barmhartigheid bewys word, God sal sien, ens. Die ongunstige gevolge is dat hulle vervolgt sal word en valslik beskuldig sal word. Hulle kry verantwoordelikhede wat nie altyd maklik is nie: hul geregtigheid (ANV: hul getrouheid aan die wet) moet meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs. Hulle moet hul vyande liefhê; bid vir mense wat hulle vervolgt; nie skynheilig of diskriminerend wees nie, ens. Sulke dinge word as ongunstig beskou en ervaar, omdat die ou natuur van die mens daarmee bots. Christene merk op dat hulle in hul doen en late nog halfhartig is; nog boos word, selfbeheersing ten opsigte van die ander seks kortkom, wraak neem, ens. (Matteus hoofstuk 5).

B. DIE GROOT MAALTYD

Lees Lukas 14:15-24.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Bespreek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Hierdie verhaal kom ooreen met die gelykenis van die bruilof, maar is tog geen parallelle daarvan nie. Jesus het dikwels gelykenisse vertel. Soms het hy dieselfde gelykenis in verskillende omstandighede vertel, soos die gelykenis van die verlore skaap (Matteus 18; Lukas 15). Soms het Hy soortgelyke gelykenisse in verskillende omstandighede vertel, soos die gelykenis van die bruilof en van die groot maaltyd. De bruilof was ’n bruilofsfees van ’n koning in ’n groot saal, maar die groot maaltyd was ’n formele ete wat ’n huiseienaar in sy eie huis gegee het.

Die eerste uitnodiging. Vers 16 toon aan dat klaarblyklik almal die eerste uitnodiging tot die formele ete aangeneem het. Daar word nie gepraat oor iemand wat afsê nie.

Die tweede uitnodiging. Kort voor die fees het die gasheer ’n slaaf na die genooïdes gestuur om hulle te roep om nou te kom, omdat alle voorbereidings kompleet was. Dit was in antwoord op hierdie tweede uitnodiging dat genooïdes met allerlei swak verskonings gekom het. Al hierdie mense het belowe om te kom, maar nou het hulle op hul belofte teruggekom. Met die oog op die groot voorbereidings wat al vir die ete gemaak was, is soortgelyke annulering as ’n onvergeeflike oortreding beskou. Dit het bewys dat die genooïdes onopreg was! Hulle het “Ja” ges136, maar daarmee “Nee” bedoel!

Bowendien was hul verskonings ligvaardig en geveins. Niemand koop ’n stuk grond sonder om eers daarna te gaan kyk nie! En al het hy dit al gekoop. dan het hy genoeg tyd gehad om daarna te gaan kyk. Niemand koop vyf paar osse voordat hy hulle uitgeprobeer het! En niemand wat ’n vrou getrou het moet weg te bly van ’n heerlike ete, selfs al word hy vir een jaar vrygestel van militêre diens en ander burgerlike godsdienstige pligte (Deuteronomium 24:5)!

Die derde uitnodiging. Die groot maaltyd is nie gekanselleer nie! Omdat die genooies die gasheer in die steek gelaat het, het die gasheer sy slawe uitgestuur om onbevoorregte mense uit te nooi. Hy het hulle selfs beveel om die kreupeles, verminkte en blindes aan die hand na die ete te lei.

En toe daar nog steeds plek was, moes die slawe mense dwing om in te kom, omdat die gasheer wou dat sy banketsaal propvol sou word! En hulle het mense met die krag van liefdevolle oortuiging ingebring. Dit was nodig omdat baie mense heeltemal onwaardig gevoel het! So het die huis in ooreenstemming met die gasheer se bedoeling vol geloop.

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?
Aantekeninge.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Lukas 14:1-15.

Jesus was vir 'n ete op die Sabbat in die huis van 'n Fariseër uitgenooi. Hy het hulle net geleer: “As jy 'n maaltyd gee, moet dan nie jou vriende, broers of familie of ryk bure uitnoot sodat hulle jou waarskynlik ook weer uitnoot en jou op die manier vergoed nie.

Nee, as jy 'n feesmaal gee, nooi dan armes, kreupeles, verlamdes en blindes. Jy kan jou gelukkig ag dat hulle niks het om jou mee te vergoed nie, want God sal jou vergoed by die opstanding van dié wat reg gedoen het (Lukas 14:12-14). Dit beteken nie dat ons nooit ons vriende en familie moet uitnoot nie. Maar dit beteken wel dat dit 'n groter seën is om onbevoorregte mense in ons maatskappy uit te nooi.

Een van die gaste aan tafel was 'n vooraanstaande Fariseër en hy sê toe: “Gelukkig is die man wat aan die maaltyd in die Koninkryk van God kan deelneem (Lukas 14:15). Toe het Jesus die gelykenis van die groot maaltyd vertel om aan te toon war regtig gelukkig maak. Dis nie as jy 'n uitnodiging ontvang nie, maar as jy die uitnodiging ook aanneem! Gelukkig is hy wat die uitnodiging aanneem! Hulle wat die uitnodiging nie aanneem nie, gaan nie in die Koninkryk van God nie

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Lukas 14:16-24.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Lukas 14:24.

Elke mens wat uitgenoot word om die Koninkryk van God in te gaan, maar dit nie aanneem nie, sal nooit in die Koninkryk van God inkom nie! Alleen mense wat die uitnodiging aanneem, sal in die Koninkryk van God ingaan!

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?
Aantekeninge.

Die groot maaltyd. Dit is 'n relevante detail. Net soos die gelykenis van die bruilof, is die groot maaltyd 'n simbool van die Koninkryk van God in sy definitiewe fase by die wederkoms van Christus (sien Openbaring 19:7). Dit verteenwoordig die vreugde om te lewe in die nuwe hemel en op die nuwe aarde waar elke aanwesige die koningskap (die heerskappy) van God in Jesus Christus uitgelate erken. Dit word voorgestel as gaste wat in 'n ruim en verligte feessaal aan 'n groot banket rondom tafels volgelaai met ete aamlê. Daar word feestelik met mekaar gepraat oor die gasheer. Elemente van hierdie beeld vind 'n mens ook in Psalm 23:5; Jesaja 25:6; Matteus 8:11-12; 22:1-14; 26:29; Openbaring 3:20; 19:9.

Die vraag is, “In hoeverre word hierdie beelde kletterlik of figuurlik bedoel?” Die antwoord is dat gelykenisse veral gebruik maak van simboliek, wat nie beteken dat hulle nie werklikhede verteenwoordig nie! “Die Nuwe Jerusalem” en “die nuwe hemel en die nuwe aarde” is werklikhede! Hierdie werklikhede is baie hoër, mooier, en ryker dan die letterlike betekenis van die simbole! Die seën om gered te wees in die Koninkryk van God is letterlik en werklik! Dit is onmoontlik om oor die besonderhede te spekuleer wanneer die Bybel nie baie lig op hierdie details werp nie.

Die uitnodigings. Wat belangrik in alle gelykenisse is, is dat die toehoorders die sentrale waarheid of belangrike boodskap wat Jesus leer, verstaan. In hierdie gelykenis is die vraag “Het ek die uitnodiging van God om sy Koninkryk in te gaan al aangeneem?” “Toon my lewe op die aarde nou al dat ek op pad is na die groot maaltyd?” Sowel die inleiding (vers 15) as die gevolgtrekking (vers 24) van die gelykenis wys in hierdie rigting! Wat belangrik is, is nie of jy 'n uitnodiging gekry het nie, maar of jy die uitnodiging aangeneem het op 'n manier wat God van jou vra en verwag.

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?
Aantekeninge.

Die gelykenis van die groot maaltyd in Lukas 14:15-24 leer oor “die voorwaarde om in die Koninkryk van God in te gaan.”

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Die weiering om die genadige uitnodiging van God tot verlossing in geloof aan te neem sal lei tot uitsluiting van die seëninge en vreugde van die Koninkryk van God in sy definitiewe fase as die nuwe hemel en die nuwe aarde.”

Om die Koninkryk van God in te gaan op God se voorwaardes is één van die fundamentele kenmerke van die koninkryk van God. Die ware burgers van die Koninkryk van God neem die uitnodiging van God aan en kom ook wanneer hulle geroep word. Hulle stribbel nie teë wanneer hulle deur ander na die Koninkryk van God gelei word nie. Hulle twyfel ook nie of God hulle uitgenooi het nie, omdat hierdie uitnodiging tot hulle kom in die krag van liefdevolle oortuiging.

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die boodskap van die groot maaltyd met die boodskappe van die gelykenisse van die twee seuns, van die slegte boere en van die bruilof in Matteus hoofstukke 21 en 22?

Aantekeninge. Die gelykenis van die groot maaltyd, net soos hierdie drie gelykenisse leer dat 'n mens wat hom nie bekeer nie, nie in die Koninkryk van God sal ingaan nie.

6. Maak 'n samevatting van die belangrike leerstellings in hierdie gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?

Aantekeninge.

(1) Die voorwaarde om in te gaan in die Koninkryk van God is om die uitnodiging aan te neem en nie te weier nie.

Die natuurlike volk van Israel was God se verbondsvolk gedurende die Ou-Testamentiese periode, maar baie Jode het die uitnodiging van God verwerp. God het sy genadige uitnodiging herhaal:

- eers deur die profete in die Oude Testament
- uiteindelik deur die Messias, Jesus Christus
- en sy apostels.

Daarom sal hulle (die ongelowige mense in die natuurlike volk van Israel) nooit in die Koninkryk van God in sy definitiewe fase ingaan nie! Hulle sal verlore gaan! “Dit verseker Ek julle: Nie een van die mense wat genooi is, sal sy mond aan my kos sit nie” (Lukas 14:24).

Maar, toe die natuurlike volk van Israel Jesus Christus verwerp het, het God se ewige plan nog nie te gronde gegaan nie en het God sy ewige plan ook nie opgegee nie!

- Gedurende die hele Ou-Testamentiese periode was daar opregte gelowiges onder die Jode (Jesaja 1:9; Romeine 9:29) en onder die nie-Jode (Jesaja 56:3-8).
- Gedurende die hele aardse bediening van Jesus Christus was daar opregte gelowiges onder die Jode (sy dissipels) en die nie-Jode (Handelinge 17:4; 1 Tesseloniese 1:6-10).
- En tot die wederkoms van Christus sal “'n handjievol wat oorbly” uit die natuurlike volk van Israel tot geloof in Jesus Christus kom en gered (verlos) word (1 Konings 19:18; Jesaja 1:9; Jesaja 10:22; Matteus 22:14; Lukas 5:31-32; Lukas 13:1-5; Romeine 9:27; Romeine 11:5,11-24; sien Matteus 24:34).

(2) Die manier waarop mense in die koninkryk van God gebring word is deur liefde en oortuiging.

Die slawe moes die mense uit die onbevoorregte klasse in die maatskappy nie alleen uittooi nie, maar na die feessaal bring! Baie van hulle kon vanweë hulle gestremdheid nie self na die feessaal loop nie. Die toepassing is, dat die dienaars van God spesiale sorg moes dra dat die onbevoorregte en gestremde mense in die wêreld ook in die Koninkryk van God kan ingaan!

Daarna moes hulle selfs die mense dwing met die krag van liefdevolle oortuiging om die Koninkryk van God in te gaan. Die implikasie is dat baie mense dink of voel dat hulle nie waardig is om na die fees te kom nie. Dit is veral 'n verwysing na die heidense (nie-Joodse) volke wat nie aanvanklik uitgenooi was nie. Die feit dat God nie alleen sy uitnodiging herhaal nie, maar ook uitbrei om die heidense volke in te sluit, is baie belangrik. Al in die Ou Testament het die profete al geweet dat God sy Koninkryk sou uitbrei na die nie-Joodse volke (Genesis 22:17-18; Jesaja 54:2-3; 56:3-8; 60:1-3; 65:1-3; Psalm 72; Daniël 2:34-35,44-45)! Wat die Ou-Testamentiese profete nie geweet het nie was dat dit sou gebeur deur die verkondiging van die evangelie aangaande Jesus Christus (in die Nuwe-Testamentiese periode) en dat dit sou plaasvind op volkome gelyke voet met die natuurlike volk van Israel (Efesiërs 3:2-6)! Dit het in vervulling begin gaan by die eerste koms van Christus.

(3) Mense wat die gelykenis hoor of lees word aangespoor om te reageer.

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is dat 'n mens op die uitnodiging (van die evangelie) moet reageer en dit moet aanneem om in die Koninkryk van God in te gaan. Dus, as jy nog nooit gereageer het nie, neem dan Jesus Christus onmiddellik aan!

C. SAMEVATTING VAN DIE BELANGRIKSTE ONDERWYSING EN LESSE VAN DIE GELYKENISSE OOR INGAAN IN DIE KONINKRYK VAN GOD

Onderrig. Die voorwaarde om die Koninkryk van God in te gaan, word nie deur 'n mens (of godsdiens) bepaal nie, maar alleen deur die God van die Bybel!

(1) Die gelykenis van die nou poort (Matteus 7:13-14).

God se voorwaarde om in sy Koninkryk in te gaan is om deur die nou poort in te gaan en op die smal pad te bly loop. Die nou poort verteenwoordig die aanvanklike besluit om jou te bekeer en in Jesus Christus te glo. Die smal pad verteenwoordig 'n lewe in geloof en in gehoorsaamheid aan Jesus Christus en heiliging deur die Heilige Gees, soos dit in die bergrede uiteengesit word.

(2) Die gelykenis van de koninklike bruilof (Matteus 22:1-14).

God se voorwaarde om in sy Koninkryk in te gaan is om die bruiwofskleed te dra wat bestaan uit die geregtigheid van Jesus Christus, iets wat alleen die God van die Bybel kan en wil gee. Die bruiwofskleed staan vir die geregtigheid van Jesus Christus wat God uit sy genade toereken en meedeel aan elke mans wat in Jesus Christus glo.

(3) Die gelykenis van die groot maaltyd (Lukas 14:15-24).

God se voorwaarde om in sy Koninkryk in te gaan is om God se uitnodiging aan te neem en nie af te wys nie. Die afwysing van die uitnodiging tot verlossing deur God se genade en jou geloof sal lei to uitsluiting van die seëninge en vreugde van die Koninkryk van God in sy definitiewe fase as die nuwe hemel en die nuwe aarde.
